# 24 Mei 2023 - Lesing 29 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Verontreiniging van lug - water – voedsel – 23/6/57

**NO: 6855** Elke mens moet dieselfde van julle kan verwag as wat julle van hom verwag, Julle moet elkeen regverdig behandel, soos wat julle ook dieselfde van hom sal verlang. Julle sal nie met verskillende mate mag meet en om te meen dat julle groter regte as julle medemens het nie, **wanneer dit daarom gaan dat julle wins wil maak van dit wat gratis van My aan julle geskenk is,** wat julle nie self vir julle verwerf het nie, maar wat alle mense ook netso tot beskikking staan, waaronder geestelike en aardse goedere te verstane is wat My Liefde en My skeppende Wil altyd vir julle bereid hou.

Daarby behoort dus alle gawes wat julle uit My hand ontvang, wat julle nie vir julleself sou kon maak nie, wat daar sonder julle toedoen is en wat dus tot julle bestaan bydra, wat dus vir julle natuurlike lewe vereis word en wat aan geen mens onttrek mag word nie, wanneer sy lewe daardeur in gevaar gebring sal word. Dit is die stoflike ten behoewe van die lewe, waarop elke mens aanspraak moet kan maak, wat hom van die kant van die medemens ook nie ontneem mag word nie, anders sal dit ‘n oortreding van My ewige ordening wees en verrykende gevolge hê, wat nie alleen gevoel sal word deur die skuldige mense nie, maar ook wat die skeppings aanbetref en **gevolglik ook tot die ontbinding daarvan kan lei.**

Julle sal dit kan begryp wanneer julle maar daaroor sal nadink, watter bestanddele julle nodig het om te lewe en vir julle die verskeidenheid hiervan voorstel, wanneer julle **lug en water** en hulle hoedanigheid en werking vir julleself vasstel, wat aan die mens algehele gesondheid skenk, maar wat ook **tot sieklikheid en verwoesting van die organe van die liggaam kan lei**, indien daar deur menslike wil ‘n besmetting van die lug en die water plaasvind, wat ernstige skade daarmee saambring.

**Lug en water is gawes van God**, wat elke mens nodig het en ontvang dit daarom ook uit My Hand. En die sondigheid van die mense kom al net daarin tot uitdrukking, dat hulle nie daarvoor terugdeins om hierdie buitengewoon vername stowwe ten behoewe van die lewe, op so ‘n wyse te verontreinig, dat daar vir die medemens lewensbedreigende beskadiging voortvloei.

En so, soos wat elke mens sy eie lewe liefhet, besondig hy homself, wanneer hy sy medemens die noodsaaklikste lewensbehoeftes inkort, wanneer hy daartoe bydra dat die lewe van sy medemens in gevaar gebring word. En onder die “in gevaar bring van die lewe” is ook te verstaan, wanneer dit wat die aarde voorbring aan voeding vir mens en dier, **van sy natuurlike hoedanigheid beroof word,** wanneer die bodem waarop dit moet gedy, deur kunsmatige middele ‘n ander gesteldheid kry en die **gekweekte produkte nou ook stowwe daarin bevat wat volstrek nie bevorderlik is vir die menslike liggaam nie.**

Die mense gryp in die natuurwette in, hulle wil dit as te ware verbeter, My skepping dus as gebrekkig voorstel, hulle wil ‘n **hoër opbrengs** kapasiteit aan die bodem verskaf en hulle gebruik verkeerde middele daartoe. **Want hulle kon My maar net vir My seën gevra het om ook waarlik oorvloedige oeste te mag afhaal.**

‘n Vêrdere sonde op hierdie gebied is ook wanneer die vrugte geoes word **voordat hulle ryp is**, wanneer die natuurlike rypingsproses deur hebsug en materialistiese denke vooruitgeloop word en wanneer die menslike liggaam daardeur gedwing word om die stryd aan te knoop met substansies wat nog nie ryp geword het nie, wat nie alleen maar ‘n suiwer liggaamlike nie, **maar ook ‘n geestelike aangeleentheid is**, wat meestal nie aan julle bekend is nie. Dit val egter alles onder die verontagsaming van die wet van My ewige ordening. Die mens berokken sy medemens skade, hy handel nie regmatig teenoor hom nie en dra daartoe by dat die chaos op aarde steeds groter word, omdat slegs ‘n lewe op aarde wat volledig **in ooreenstemming met die wet van die orde geleef word**, ‘n korrekte uitwerking sal kan hê op liggaam en siel.

En elke mens het ‘n reg daarop dat die orde in die natuur in stand gehou sal word, want Ek het alles wat daar in die skepping bestaan, nie vir een mens nie, **maar vir alle mense geskape**; elke mens het **suiwer lug, suiwer water en goeie voeding** vir sy liggaamlike lewe nodig en geen mens het die reg om sy medemens skade toe te bring, wat hy vir homself ook nie sal wens nie.

In die laaste tyd voor die einde sal daar egter glad geen rekening mee gehou word met die lewe van die medemens nie. Daar sal op allerlei maniere **gewetenloos geëksperimenteer word** en steeds maar net uit eersug, hebsug of magsbegeerte; en die gesondheid sal in lewensgevaar gebring word. En dus triomfeer hy, wie al die geskapene wil verwoes om weer die gekluisterde daarin vry te kry, in die valse veronderstelling dat hulle dan weer aan hom sal toebehoort. **Die mense wat in stryd handel met die goddelike ordening het hulself almal in sy mag begeef**, hulle volg sy influisteringe, maar My gebooie, wat liefde en regverdigheid vereis, ag hulle nie.

Elke mens sal maar net aan homself en aan sy eie voordeel dink en die lot van die medemens sal hom koud laat. En ook sal die lewe van sy medemens nie meer vir hom heilig wees nie, aangesien daar, in die teenoorgestelde geval, dit nie sou kon gebeur het wat egter met sekerheid te verwagte is nie; naamlik dat die lewe van alle mense op die spel geplaas word, omdat die goddelike natuurwette omvêrgewerp word, **omdat die elemente eendag met alle geweld ‘n weg vir hulle na buite sal baan**, waartoe die mense self aanleiding gegee het, wat gesondig het teen die goddelike ordening, teen My gebod van die liefde tot God en die naaste. Amein.